higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

(22030044)

13 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate word toegelaat om studenteportefeuljes, aantekeninge en werkopdragte/projekte, voorgeskrewe handboek(e), 'n atlas, 'n sakrekenaar, kaarte, reisgidse, brosjures en 'n GSA by die eksamenlokaal in te neem.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 1 addendum.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie .

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord slegs VIER vrae uit AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Wat word die 0-grade breedtegraad genoem? (2)

1.2 Noem VIER doeleindes van kaarte. (4 × 2) (8)

1.3 Watter tipe kaart vertoon lande se grense? (2)

1.4 Definieer die begrip *kaart*. (2)

1.5 Noem DRIE kenmerke wat op 'n fisiese kaart geïllustreer word. (3)

1.6 Onderskei tussen 'n *woordskaal* en 'n *lineêre skaal* deur voorbeelde te gebruik. (2 × 4) (8)

[25]

VRAAG 2

Verwys na die kaart van Suid-Afrika in die ADDENDUM (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Identifiseer die nasionale park ten noorde van Upington. (2)

2.2 Noem die Vrystaatse dorp met 'n Franse invloede. (2)

2.3 Wat is die naam van die rivier wat van Johannesburg na Kimberley vloei? (2)

2.4 Noem TWEE hawens in die Wes-Kaap. (2)

2.5 Mosambiek lê ten ... van Zimbabwe. (2)

2.6 Noem DRIE internasionale toegangstede. (3)

2.7 Wat is die bynaam wat toeriste vir die hoofstad van die Vrystaat gebruik? (2)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die grootste stadion in Afrika.

A Borg El Arab Stadion.
B Ellispark.
C Sokkerstad ('Soccer City').
D Stade des Martyrs.

3.2 Die ligging van die Johannesburgse Aandelebeurs.

A Pretoria.
B Johannesburgse middestad.
C Rosebank.
D Sandton.

3.3 Die oudste en besigste park in Johannesburg.

A Joubertpark.
B Hanoverpark.
C Sandtonpark.
D Ellispark.

3.4 Plek waar die Oscar-bekroonde film, Tsotsi, verfilm is.

A Soweto.
B Kliptown.
C Alexandra.
D Sharpville.

3.5 Bekende haaspark in Benoni.

A Dieretuinmeer.
B Brumapark.
C Ryneveld-kinderpark.
D Rosedale.

3.6 Begraafplaas vir Afrika-gevangenes in Stad Tshwane.

A Wetlands.
B Taugn.
C Cullinan.
D Mamelodi.

Kopiereg voorbehou

3.7 Die lugtoegang na Gauteng in Kempton Park.

A OR Tambo Internasionale Lughawe.
B Rand Lughawe.
C Grand Central Lughawe.
D Lanseria Lughawe.

3.8 Die Vaalrivier ...

A dra by tot vissery.
B is die grens tussen Gauteng en die Vrystaat.
C wek elektrisiteit vir die Wes-Kaap op.
D is die grens tussen die Noord-Kaap en Namibië.

3.9 'n Steentydperk-terrein.

A ABSA-geldmuseum.
B Gold Reef City.
C Mellville Koppies.
D Phumagena.

3.10 Die Witwatersrand het die wêreld se grootste ...

A diamante.
B ystererts.
C platinum.
D goud neerslae.

(10 × 2) **[20]**

3.11 Nasionale roetes in Suid-Afrika is tipes paaie en snelweë wat groot stede verbind. Dit is die hoogste kategorie in die Suid-Afrikaanse roetenommeringsplan en het roetenommers wat met 'N' begin - van N1 tot N18.

Benoem die nasionale paaie wat Johannesburg aan ... verbind:

3.11.1 Witbank

3.11.2 Kimberley

3.11.3 Durban

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.12 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

MABONENG-BUURT

Die dinamiese Maboneng-buurt is 'n fantastiese voorbeeld van suksesvolle gemengde-gebruik stedelike vernuwing. Die eens vervalle woonbuurt, Maboneng, a Sotho-woord wat 'plek van lig' beteken, is nou vol lewe.

Oulike restaurante, kafees, kunsgalerye, winkels, hotelle en vermaaklikheidsvenues vermeng goed met residensiële geboue. 'n Groot aantrekking hier is die weeklikse Market on Main wat kos van oor die hele kontinent aanbied. Arts on Main en Revolution House is twee van die eerste ontwikkelings waar pakhuise in kunsstudio's, galerye en winkels omskep is. Ander ontwikkelings is Bioscope ('n onafhanklike filmteater), 'n gemeenskapsentrum, ontwerpershotelle en boetieks.



Dit is 'n wonderlike plek om in rond te loop, die hartklop van die stad te voel, en iets te ete of te drinke te koop.

3.12.1 Wat beteken Maboneng? (2)

3.12.2 Noem VYF toeristeaantreklikhede wat deel van die Maboneng-buurt uitmaak en in die artikel genoem word. (5)

3.12.3 Watter vervoermetode sal jy aanbeveel om die buurt te verken? (2 × 2) (4)



3.12.4 Beskik Maboneng oor 'n Gautrein-stasie? Antwoord slegs Ja of Nee. (1)

3.12.5 In watter toerismestreek is die buurt geleë? (2)

[40]

VRAAG 4

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

SHAKALAND

Dit is meer as 'n blote toeristeaantreklikheid – dit is 'n verrykende en dinamiese kulturele ervaring wat beter begrip vir die Zoeloe-volk en hul oeroue gebruike bied. Shakaland is 'n kulturele replika van 'n Zoeloe-opstal of 'umuzi', met 55 baie gerieflike byekorfhutte wat oor die Phobane-meer uitkyk.

Die kulturele Shakaland Zoeloe-dorpie is 'n oord tussen doringbome en aalwyne wat die oorspronklike filmstel was vir die film, Shaka Zulu, wat die lewe van die invloedrykste leier van die Zoeloemag, Shaka Zulu, uitbeeld.

Shakaland bestaan uit die 'tuiste van die Zoeloes' en 55 hotelkamers in die vorm van byekorfhutte wat met moderne geriewe, soos DStv (kabeltelevisie), toegerus is.

Besoekers kan kies tussen 'n middagtoerprogram van drie uur of 'n kulturele toer van twee dae wat 'n waarlik verrykende ervaring bied om die Zoeloe-volk beter te leer ken. Dit sluit 'n videovertoning in, wat die oorsprong en geskiedenis van die Zoeloe-volk verduidelik. Dit word gevolg deur 'n bekendstelling van die tradisionele sosiale stelsel van die Zoeloes, hul gevegsformasies, huishouding, die 'sangoma', die 'inyanga', kralewerk, erdewerk, bierbrouery en spiesgooi.

4.1	In watter provinsie in Suid-Afrika is Shakaland geleë?		(2)
4.2	Watter kultuur word sterk deur hierdie bestemming uitgebeeld?		(2)
4.3	Beveel VYF verrykende kulturele ervarings uit die uittreksel aan.	(5 × 2)	(10)
4.4	Verduidelik die akkommodasie wat by die oord beskikbaar is.	(3 × 2)	(6)
4.5	Wat is 'n 'sangoma'?		(2)
4.6	Beskryf Phobane-meer as 'n toeristebestemming.	(5 × 2)	(10)
4.7	Bespreek die bekende Zoeloe-leier, Shaka Zulu.		(8)
			[40]

VRAAG 5

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Een van die grootste wildernisgebiede in die wêreld – meer as 3,6 miljoen hektaar	A	Die Groot Gat
		B	Mokala Nasionale Park
5.2	15,000-hektaar-reservaat met tipiese Namakwaland-plantegroei en veldblomme	C	Belgravia Historiese wandelpad
5.3	Met 'n grootte van agt rugbyvelde is dit een van Kimberley se grootste toeristeaantreklikhede	D	Kgalagadi-oorgrenspark
		E	Kalahari heuwels
5.4	'n Dorpie wat Kimberley tydens die diamantstormloop uitbeeld	F	Augrabieswaterval Nasionale Park
5.5	Die Oranjerivier stort amper 150 meter diep in 'n granietkloof in, wat 18 kilometer lank is	G	Tankwa Karoo Nasionale Park
		H	Kokerboomwoud
5.6	'n Nasionale Park wat 70 kilometer suid-wes van Kimberley geleë is	I	Magersfontein
5.7	Die nasionale park is naby die grens van die Noord-Kaap en die Wes-Kaap	J	Riemvasmaak
		K	Goegap Natuurreservaat
5.8	Die eksklusiewe residensiële gebied van voormalige mynhandelaars en magnate	L	Die Kimberley-myn-museum
5.9	Die wêreld se grootste kolonie blom-aalwyne		
5.10	Die toneel van 'n Britse nederlaag tydens die Swart Week in die Boereoorlog		

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

5.11 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



ORANJERIVIERWYN-PROESENTRUM

Geleë in die noordelike dele van die Noord-Kaap provinsie van Suid-Afrika, bied die Oranjerivierkelders 'n uitgebreide reeks droë wit, natuurlike soet, droë rooi en dessertwyne. Hierdie wyne word suksesvol plaaslik en internasionaal bemark en deur wynliefhebbers en wynkenners geniet.

5.11.1 Aan watter nasionale pad in die Oranjerevierwyn-proesentrum geleë? (2)

5.11.2 Wat is die fisiese adres van hierdie terrein? (2)

5.11.3 Noem TWEE bekende monumente wat aan dieselfde pad geleë is. (2 × 2) (4)

5.11.4 Wat is die naam van die casino wat naby die wynproesentrum geleë is? (2)

5.11.5 Benoem die lugtoegang na Upington. (2)

5.11.6 Wat is die klimaatstoestande in Upington in Desember? (2 × 2) (4)

5.12 Verduidelik die begrip, *Groen Kalahari*, en gebruik voorbeelde in jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.13 Gebeure word beplan om die volle potensiaal van toerisme te bereik.

Identifiseer die naam van die dorp/stad en die maand waarin dit die volgende gebeure aanbied:

5.13.1 Die Hantam Vleisfees

5.13.2 Die Gariep Kunstefees

5.13.3 Die Williston Winterfees

5.13.4 Ghaap River Xtreme

5.13.5 Kalahari Kuierfees

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

'n Mens kan verskeie avonture in die Bergkoninkryk, wat wissel van grond-, sneeu- en wateraktiwiteite te wagte wees. Lesotho is bekend vir sy skouspelagtige natuurskoon wat geken word aan asemrowende bergreekse, hoë pieke, 'n ryk verskeidenheid fauna en flora, kristalhelder waterstrome, bruisende watervalle, diverse kultuur en 'n sneeukombers wat in die winter oor die hele land lê. Terwyl hulle deur die land reis sal toeriste verskeie vorms van handwerk teëkom wat die Basotho met die hand maak.

Die berge, landskappe en hoë hoogtes lok motorfietsryers, 4x4-entoesiaste en voetslaners om die gebied te deurkruis op soek na adrenalien-tergende uitdagings en avonture. In die suidelike deel van die land bied die Sehlabathebe Nasionale Park wonderlike belewenisse aan toeriste.

Of toeriste Lesotho vir ontspanning, avontuur of sportaktiwiteite besoek, sal hulle verstom wees deur, onder andere, die ekstreme sportaktiwiteite, pragtige rotsformasies, rotstekeninge, voetspore van antieke dinosourusse, en die voëllewe. Dié wat roetes te voet wil verken en die Basotho-kultuur wil beleef, sal beslis kry waarna hulle soek. Die water in Lesotho bied geleenthede vir kano-, bootvaart en hengel – slegs enkele van die magdom ander beskikbare wateraktiwiteite.

[Bron: *http://visitlesotho.travel/*]

6.1 Hoe staan Lesotho ook bekend? (2)

6.2 Beveel DRIE handgemaakte kunswerkitems aan om tydens 'n reis in Lesotho te koop. (3)

6.3 Noem TWEE buitengewone antieke ervarings wat in Lesotho gebied word. (4)
(2 × 2)

6.4 Bespreek die Sehlabathebe Nasionale Park as toeristebestemming. (5 × 2) (10)

6.5 Noem DRIE wateraktiwiteite wat volgens die uittreksel in Lesotho aangebied word. (3)

6.6 Identifiseer DRIE avontuuraktiwiteite wat Lesotho bied. (3)

6.7 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



[Bron: *http://visitlesotho.travel/what-to-see/25-destinations/133-afriski*]

6.7.1 Watter ekstreme sportsoort word in die bostaande prent uitgebeeld? (2)

6.7.2 Tydens watter maande sal dit die geskikste wees om die sport wat in VRAAG 6.7.1 genoem word te beoefen? (3)

6.7.3 Benoem die oord wat 3 222 m bo seevlak in Lesotho geleë is. (2)

6.7.4 Benoem die bergreeks waarin die aktiwiteit wat in die prent uitgebeeld is aangebied word. (2)

6.7.5 Hoe lank is die helling by hierdie bestemming? (2)

6.7.6 Noem TWEE bergpasse wat 'n toeris sal teëkom wat van Johannesburg af na die bestemming reis. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die kaart hier onder en beantwoord die vrae.



[Aangepas uit: *https://heaids.org.za/events/page4*]

7.1.1 Definieer die begrip *Wêrelderfenisterrein* (WET). (2)

7.1.2 Identifiseer die Wêrelderfenisterrein wat op die kaart aangedui is. (2)

7.1.3 Beskryf die Wêrelderfenisterrein wat in VRAAG 7.1.2 genoem word kortliks. (3 × 2) (6)

7.1.4 Beskou jy die WET as natuurlik of mensgemaak? Staaf jou antwoord. (2 + 2) (4)

7.1.5 In watter provinsie is die WET geleë? (2)

7.1.6 Identifiseer die dorp wat as chemiese sentrum beskou kan word. (2)

7.1.7 Aan watter rivier is Parys geleë? (1)

7.2 Noem die VYF toerismestreke in die Vrystaat. (5)

7.3 Noem DRIE mynbou- en landbouaktiwiteite wat die ekonomie in die Vrystaat ondersteun. (3 × 2) (6)

7.4 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



DIE SHEBEEN-KROEG BY EMOYA

Ervaar 'n ware sjebien-atmosfeer met 'n potspeltafel, kroeg, musiekuitvoerings en 'n township-atmosfeer. Shebeen bied 3 venues wat jy vir jou volgende ram- of verjaardagpartytjie kan bespreek: die Boma, die Dek en die Kuiergat.

Kom geniet 'n yskoue bier terwyl jy na kwaito-musiek luister of jou vriende vir 'n pot veerpyltjies of 'n potspelwedstryd uitdaag. Ondersteun jou gunstelingsportspan op die grootskerm, sit buite op een van ons unieke buitebandstoele of sit op die Shebeen-dek en geniet jou gunstelingmengeldrankie.

Dit is 'n ideale venue vir familie en vriende om die township-ervaring in 'n veilige en ontspanne atmosfeer te geniet.

Naweke is daar optredes deur orkeste en sport word op die grootskerm uitgesaai.
Geen onder 18s nie!

[Bron: *http://www.emoya.co.za/p30/venues/the-shebeen-bar-at-emoya.html*]

7.4.1 Definieer die begrip *sjebien*. (2)

7.4.2 Watter voordele hou sjebien-ondernemings vir die plaaslike gemeenskap in? (2)

7.4.3 Identifiseer DRIE unieke township-ervarings uit die uittreksel. (3 × 2) (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(22030044)

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou